

# N.G. Gemeente Oudtshoorn Welgeluk

**Posbus 762, Oudtshoorn, 6620**
**Van der Westhuizenstraat 23, Oudtshoorn**
**GPS: Lengtegraad : -33.6103100 Breedtegraad: 22.2012000**

**VISIE: Om met liefde te bou aan God se Koninkryk**

**Beste Lidmaat**

## Nuusbrief: N.G. Oudtshoorn-Welgeluk: 21 Junie 2020.

Hieronder is die besonderhede van Sondag se Erediens en aangeheg is die nuusbrief met dit en ander algemene inligting.

Soos reeds aan u gekommunikeer is daar besluit, dat gegewe die Korona-virus pandemie, daar geen formele eredienste by N.G. Oudtshoorn-Welgeluk tot na verdere kennisgewing sal wees nie.

Die eredienste word wel vooraf opgeneem en word op You tube, Soundcloud en Facebook gelaai.

Besonderhede van die erediens is soos volg

**Virtuele erediens op 21 Junie 2020**

**N.G. Oudtshoorn-Welgeluk**

**Prediker: Ds. Andries Potgieter**

**Teks: Matt. 10:26 -33**
**Tema: Ons is baie meer werd**

**26 “Moet dus nie vir mense bang wees nie. Daar is niks bedek wat nie openbaar gemaak sal word nie, en niks geheim wat nie bekend sal word nie.**
**27 Wat Ek vir julle in die donker sê, moet julle in die daglig sê, en wat in julle oor gefluister word, moet julle van die dakke af uitbasuin.**

Leraar: Ds. Andries Potgieter: Sel nr. 084 514 2178: E-pos – ajpotgieter@telkomsa.net
Pastoralehulp: Ds. Bertine Malan Sel: 076 524 6455: E-pos – bertinemalan@gmail.com
Kerkkantoor : Tel nr. (044) 272 4391 : Kantoorure: Maandae tot Vrydae: 08:00 – 11:00
E-pos adres: ngwelgeluk@telkomsa.net www.nggemeenteoudtshoorn-welgeluk.co.za
Bankbesonderhede: NG Oudtshoorn – Welgeluk: Nedbank: Takkode: 175205: Rek: 1006783962

**28 Moenie bang wees vir dié wat die liggaam doodmaak, maar die siel nie kan doodmaak nie. Nee, vrees Hom eerder wat sowel die liggaam as die siel in die hel kan laat vergaan.**
**29 “Is twee mossies nie vir 'n sent te koop nie? En tog sal nie een van hulle op die grond val sonder die wil van julle Vader nie.**
**30 Van julle is selfs die hare op julle kop almal getel.**
**31 Moet dan nie bang wees nie. Julle is meer werd as baie mossies.”**
**32 “Elkeen wat hom voor die mense openlik vir My uitspreek, vir hom sal Ek My ook openlik uitspreek voor my Vader wat in die hemel is.**
**33 Maar hom wat My voor die mense verloën, sal Ek ook verloën voor my Vader wat in die hemel is.”**

**Ons dink in ons gebede aan die volgende persone vir hul gesondheid:**

- **Joey Strydom van Buitekantstraat 57;**
- **Johanna Kriel Rademeyerstraat 43A;**
- **Alta Gebhardt Milleniumpark 73**
- **Alwyn Koegelenberg van Pleinstraat 39;**
- **Martin Botha van San Monique woonstel no 2;**
- **Jacobus Barnard van die plaas Posdrift;**
- **Setta Wepener van Jan van Riebeeckweg 26;**
- **Pieter Lategan van Parkweg 40;**
- **Alet Badenhorst van Palm Oord; en**
- **Ina Meiring vav Van Zylstr 1.**

**Ons bid ook vir die volgende sake:-**

- **uitkoms vir reën in ons Klein-Karoostreek wat erg geraak word deur die voortslepende droogte asook ander droogtegeteisterde gebiede in ons land;**
- **Ons is baie dankbaar vir die reën wat die afgelope tyd in ons streek geval het;**
- **maatskaplike en politieke uitdagings wat ons land in die**

**gesig staar;**

**•moeilike omstandighede van medegelowiges in Zimbabwe en Bosnië; en**

**• in die besonder die korona-virus pandemie.**

**o Sodat die virus nie verder sal versprei nie**

**o Herstel en genesing vir dié wat reeds geïnfekteer is**

**o Vrede en troos vir diegene wat geliefdes verloor het**

**o Al die gesondheidspersoneel**

**o Wysheid vir die regerings wat die uitbreek van die virus moet bestuur**

**Baie geluk aan ons 70 Plussers wat die week verjaar:**

**Daan Cronjé: 22 Junie 2020**

**André Viljoen: 23 Junie 2020**

**Ria van Rensburg: 24 Junie 2020**

**Roelof van Wyk: 25 Junie 2020**

**Baie welkom aan die volgende nuwe lidmate:**

**Sonja Blignault nou Mackay en haar kinders Chanél en Olivia vanaf Moedergemeente**

**Ons Webtuiste en Facebookblad!**

Die skakels is:
http://www.nggemeenteoudtshoorn-welgeluk.co.za/
https://www.facebook.com/NgGemeenteWelgelukOudtshoorn.

U word ook vriendelik uitgenooi om ons eie webtuiste asook Facebook blad te besoek deur op bogenoemde volgende skakels te "click".

Dit is nie ʽn vereiste om ʽn Facebook lid te wees om toegang tot die blaaie te verkry nie!! Toeganklik vir ʽn ieder en elk!! U is ook welkom om u vriende na die blaaie te nooi.

Om maklik op Oudtshoorn-Welgeluk se webtuiste uit te kom of om na vorige preke te kyk. "Click" net op die "kom meer te wete" blokkie bo aan

die Facebook blad en u sal na ons webtuiste geneem word. Vorige eredienste kan daar onder media by video's gesien word.

Voorstelle en kommentaar op die blaaie, asook die nuusbrief is welkom. Dit kan gedoen word deur net op die E-pos te antwoord.

Dit staan u ook vry om die e-pos na u e-pos kontakte of vriende en familie aan te stuur.

Sou u vir die een of ander rede nie die weeklikse nuusbrief elektronies wil ontvang nie, kan u die kerkkantoor met so ‘n versoek e-pos, by ngwelgeluk@telkomsa.net waarna u naam van die e-pos verspreidingslys verwyder sal word.

Welgeluk Groete!
Andries Potgieter
084 514 2178
ajpotgieter@telkomsa.net